Refleksie op roeping - Emily Hobhouse

- Carin van Schalkwyk -

Wat maak dat 'n mens jou land en mense verlaat en aan die kant van die vyand gaan staan en jou oor hulle lot bekommer? Hierdie vraag kan met reg oor Emily Hobhouse gevra word. Die antwoord op hierdie vraag is aan die een kant kompleks, maar aan die ander kant baie eenvoudig. Dit kan eintlik met een woord saamgevat word: **ROEPING**.

Emily beskryf hierdie roepingsevaring as volg:

The constantly renewed picture of women and children homeless, desperate and distressed, formed and fixed itself in my mind and never once left me. It became my abiding thought. The thought deepened to torture and by a kind of second-sight such as had often visited me in my life, the whole became a vision of vivid reality wherein I saw myself amongst the sufferers bearing relive. I never doubted then that I should go and that, the obstacles, what they might, they would be surmounted.

Anyhow, explained it as you will, it was n curious and most solemn feeling that possessed me and nurtured in the quiet of the country, it grew into a definite plan when I returned to the solitude of my Chelsea flat. No one yet knew of my intention nor exercised any influence upon me. I thought out my plan.

Teen die einde van November 1900 beskryf sy haar eerste sending na Suid-Afrika in geen onduidelike taal as 'n roeping nie:

Deeply I felt the call. Passionately I resented the injustice of English policy. Whole heartedly I offered myself for relief to the distressed. Carefully step by step I prepared the way. Sternly I economised and saved. Greatly I felt the wrench and anxiety for my aged relatives. But never did the vision fade of those desolate women and children, nor the certainty that I must go to them.

Op 40-jarige leeftyd klim Emily Hobhouse op die *Avondale Castle*, stoksielalleen met net een missie voor oë, om na 'n land te gaan wat brand as gevolg van oorlog en om haar hulp en solidariteit te bied aan hierdie vroue en kinders wat by haar spook. Sy het 300 pond ingesamel om haar werk mee te doen en reis tweedeklas om geld te bespaar.

Ter wille van tyd kan ons nie die hele verhaal vertel nie, maar hier volg enkele aanhalings uit haar dagboek en briewe oor haar ervarings op hierdie reis:

Oor die situasie in die kamp in Bloemfontein:

Oor 'n 4 jarige seuntjie:

It was a dear little chap of out and nothing left of him, except his great brown eyes and white teeth from which the lips were drawn back, too thin to close. His body was emaciated.

I can't describe what it is to see these children lying about in a state of collapse - it is just exactly like faded flowers thrown away. And one hates to stand and look on at such misery and be able to do nothing.

Oor Warrenton se stasie waar die vroue en diere op die treintrokke gelaai is, die volgende:

Those truckloads of woman and children unsheltered and unfed - bereft of home, bearing the vivid recollection of their possessions in the flames - and that mass of sweepings of a wild military drive - flocks and herds of frightened animals bellowing and baaing for food and drink - tangled up with wagons and vehicles of all sorts and a dense crowd of human beings-– combined to give a picture of war in all its destructiveness, cruelty, stupidity and nakedness such as not even the misery of the camps (with their external appearance of order) could do.

Oor die beeld op Springfontein stasie van die kind wat in sy ma se arms sterf, wat vir ewig in haar geheue vasgevang is en wat ook die beeld is wat by die Vrouemonument staan:

The mother neither moved nor wept. It was her only child. Dry-eyed but deathly white, she sat there motionless looking not at the child, but far, far away into depths of grief beyond all tears. A friend stood behind her who called upon Heaven to witness this tragedy and others crouching on the ground near her, wept freely.

These scenes made an indelible impression upon me. The leading elements in the great tragedy working itself out in the country seemed to have gathered under the old bit of sailcloth whose tattered sides hardly kept off sun, wind or rain.

Emily het gesien wat oorlog aan mense doen en som dit as volg op:

You can no longer be an individual, you are one of the herd - and that herd preserve itself by the reversal of the principal of virtue. Untruth, lies, hatred, inhumanity, destructiveness, spying, treachery, meanness, immurable, suspicion, contempt, unfair dealing, illegality of every kind flourish and become the 'virtues of war'.

Emily gaan gedurende 1901 terug Engeland toe om meer steun te werf van mense wat teen die oorlog gekant is. Sy samel ook proviand in vir die vroue en die kinders in die konsentrasiekampe en keer nog dieselfde jaar terug na Suid-Afrika. Toe sy van die skip afklim en aan wal gaan in Kaapstad, word sy letterlik deur Engelse soldate opgetel en teruggedra na die skip toe. Sy word summier teruggestuur Engeland toe. Aan die soldate wat haar terugdra na die skip het sy die volgende te sê gehad:

You are disgracing your uniforms by obeying such an order. A Higher Law forbids you. The laws of God and humanity forbid you…

Sy spaar ook nie vir Kitchener en Miller nie. Haar woorde het waarskynlik hulle lewe by hulle gebly.

Vir Kitchener sê sy:

Your brutality has triumphed over my weakness and sickness. You have forgotten to be a patriot as now to forget that you are a gentleman. I hope that in future you will adopt greater with of judgement in the exercise of you high office. To carry out orders such as these is a degradation both to the office and the manhood of your soldiers. I feel ashamed to own you as a fellow countryman.

Lord Milner loop ook deur:

Your brutal orders have been carried out and thus I hope you will be satisfied. Your narrow incompetence to see the real issues of this great struggle is leading you to such acts as this and many others, staining your name and the reputation of England.

I liked you first and would have helped you. But now I see you more clearly as you really are. I can believe it is true what a man once said to me. That you have the soul of a spy. Perhaps that is necessary in a despot. At least you should try in the words of Burke, so to be a patriot that you do not forget you are, or ought to be a gentleman.

In April 1903 besoek sy weer Suid-Afrika en begin noodlenigingswerk onder die Boere doen. Later in dieselfde jaar keer sy terug Engeland toe om haar voor te berei vir haar volgende groot projek: Die oprigting van spin- en weefskole in die ou Boererepublieke.
Oor haar roeping om die spin- en weefskole te begin, skryf sy die volgende in 'n brief aan Jan Smuts:

All one can do in the face of need so great is to work in one little district with funds at one's command; and then I feel inspired to try and make one district 'blossom like the rose' and then other people can take up other districts and do likewise.

Die eerste spin- en weefskool word in op 13 Maart 1905 in Philippolis geopen.



Emily Hobhouse en Margaret Clark is die eerste onderwysers. Hulle begin aanvanklik met net ses leerlinge. Hester Strauss, wie se ma in die konsentrasiekamp in Bethulie oorlede is, staan uit as die begaafste leerling.
Emily Hobhouse se pad kruis ook met Petronella van Heerden terwyl sy in Philippolis werksaam is. Die jonge Petronella van Heerden kom onder haar invloed en word geïnspireer om medies te gaan studeer. Sy was die eerste Afrikaanse vrou wat 'n dokter geword het.

Terwyl Emily in Philippolis woon, word sy 45 jaar oud en skryf oor hierdie mylpaal die volgende:

One looks back on the long weary years of toil and travel and discomfort and one long for settlement and certainty of rest bodily and mentally. Will my 46th year bring it? I dare hope no more.

In Oktober 1908 Keer Emily Hobhouse terug na Engeland. Tydens haar drie jaar verblyf in Suid-Afrika, het sy 12 spin-en weefskole in die Vrystaat op die been gebring en 15 in die Transvaal. Jan Smuts bedank haar in 'n brief vir haar onbaatsugtige diens met die volgende woord:

You did your best to mitigate the miseries of war and there after you did your best to repair its ravages.

Emily sou nog een reis na Suid-Afrika onderneem aan die einde van 1913 om teenwoordig te wees by die onthulling van die Vrouemonument. Hoewel sy tot in Suid-Afrika gevorder het, het haar gesondheid haar nie toegelaat om tot in Bloemfontein te reis nie. Haar toespraak wat sy voorberei het om te lewer by die onthulling van die Vrouemonument, word op 16 Desember 1913 voorgelees en is profeties van aard, selfs vir ons konteks vandag. Sonder om die hele toespraak te herhaal gaan ons vervolgens net let op die gedeeltes wat steeds van belang is vir vandag:

Oor ryk en arm sê sy:

Selfs deur die diepste ellende was groter simpatie elders nodig. 'Christus' het ek, gelees, 'was jammer vir die armes, die laagstes, die bandiete, die lydendes en so ook ons, maar onthou dat Hy veel jammerder was vir die rykes, die hardvogtiges, hulle wat slawe was van hulle goed. Wat deftige klere gedra en in paleise gewoon het. Vir Hom het rykdom en plesier na 'n groter tragedie gelyk as armoede en verdriet.

Oor eenheid en onderlinge verhoudinge die volgende:

Daar kan geen permanente skeiding wees tussen hulle wat die land liefhet, wat in hom woon en wat met hom verweef is nie. Onderliggend is hulle almal een.

Oor vergifnis die volgende:

Ek het gelees dat toe Christus gesê het 'vergewe jou vyande', was dit nie net ter wille van die vyand dat Hy so sê nie, maar tot ons eie heil, want 'Liefde is mooier as haat'. Sekerlik weet julle afgestorwenes dit nou met die wysheid wat nou vir hulle beskore is. Om haat te koester, is noodlottig vir jou eie selfontwikkeling. Dit laat 'n letsel, want haat - soos roes - vreet aan die siel van 'n nasie, nes dit met 'n individu maak.

Oor rasseverhoudinge die volgende:

Ons ontmoet op Dingaansdag, die dag waarop julle 'n oorwinning oor 'n barbaarse volk gedenk. Ook ons, die groot beskaafde nasie van die wêreld, is steeds net barbare op ons manier solank ons aanhou om ontsaglike bedrae te bestee om mekaar dood te maak - of beplan om mekaar dood te maak - uit grypsug na grond of goud. Is dit nie net regverdig om vandag te onthou hoeveel duisende mense van donker gelaat ook in die konsentrasiekampe omgekom het in 'n twis wat nie hulle s'n was nie? Het hulle nie op hierdie manier van die verlede vergoed nie? Het ons nie hier 'n geval van daardie gemeenskaplike belang wat, omdat dit almal saambind, rassewrewel uitroei nie? En kan dit nie nog vorentoe gebeur dat die assosiasie wat aan hierdie dag gekoppel is, verander nie, omvorm word in edeler gedagtes soos julle jaar na jaar die inspirerende 'Vrouedag' gedenk wat ons nou instel? Die pleidooi van Abraham Lincoln vir swart mense eggo steeds by my: 'Hulle sal jou waarskynlik in een of ander moeilike tyd in die toekoms help om die juweel van onafhanklikheid in die familie van vryheid te hou'.

Emily Hobhouse het op 28 Oktober 1926 gesterf. Haar begrafnis is 'n dag later gehou en is bygewoon deur 'n klein handjievol mense in Engeland. Op haar versoek is sy veras en is haar as by die voet van die Vrouemonument begrawe. Op die dag van haar begrafnis het Bloemfontein tot stilstand gekom en het al die besighede se deure gesluit. Duisende mense het opgedaag vir haar begrafnis. Tot vandag toe nog is sy die enigste buitelandse burger wat met 'n Suid-Afrikaanse Staatsbegrafnis vereer is.

Jan Smuts het toe hy van haar dood hoor, die volgende gesê:

Hier was 'n groot oorlog waarby honderde duisende mans betrokke was en waarin die grootste ryk op aarde al sy krag ingespan het. En 'n onbekende vrou verskyn van nêrens en druk die regte knoppie en die verloop van Suid-Afrika se geskiedenis word vir altyd verander, want die toekoms van Suid-Afrika en die hele betekenis en belangrikheid van die Anglo-Boereoorlog, is vir altyd deur die Engelse vrou beïnvloed.

Roeping is inderdaad 'n kragtige ervaring. Om 'n instrument in God se hande te wees, kan 'n mens na plekke neem waarvan jy nooit gedroom het nie en jou dinge laat doen wat jy nooit gedink het moontlik is nie. Emily Hobhouse is 'n toonbeeld van 'n geroepene wat haar lewenstaak, soos deur God aan haar gegee is, verrig het.

<u>In hierdie dae het ons meer mans en vroue soos sy nodig om 'n verskil te maak in ons gebroke wêreld.</u>



Bronne:

Brits, E. 2016. Emily Hobhouse Geliefde Verraaier. Tafelberg. Kaapstad.
Van Reenen, R. (red.), 1984. Emily Hobhouse Boer: Boer War Letters. Human en Rousseau. Kaapstad.